Koers in 2015

Markus 12:28-34

Inleiding

As mens loop waar jy nog nie was nie het jy rigting nodig. 'n Kompas om elke nou en dan na te kyk om seker te maak jy is nog op die spoor. Die ou reisigers het die sterre gebruik. Die eenvoudigste is seker die son en windrigtings. Toe ons klein was by die see het my pa ons geleer om vir jouself bakens te kry op land om dop te hou sodat die seestroom jou nie naderhand wegtrek sonder dat jy dit agterkom nie.

Of dit nou in VaalMall is, of in 'n besigheid of jou lewe – dis maklik om rigting te verloor... en uiteindelik by 'n plek uit te kom waar jy nie wou wees nie.

Koers-verloor kan maklik ook gebeur in kerke, gesinne, gemeenskappe ....en in jou eie hart as mens.. Christen of nie. Dit het ook al baie gebeur. Ons sien in die Bybel hoe dit 'n vraag was onder die Jode. Wat is die belangrikste? Nou, dís 'n vraag wat jy vra as jy tussen alles nie meer so maklik kan sien wat die belangrikste is nie! Daar is so baie dinge wat die tafel vol lê. As mense deur alles dink en grawe en sif... wat is die kern van kerns in 'n geloofsgemeenskap wat jy kan uithaal en sê: "Hier is die kern waar ons moet begin en verder as kompas gebruik op ons pad".

Iemand het 'n keer hierdie vraag vir Jesus gevra, en Jesus se antwoord was kort maar 1000volt kragtig.

[Lees teks]

Hier is waar Trinitas ook begin met ons nuwe pad hierdie jaar! Kom ons kyk...

Die kompas

Hierdie 1000 volt woorde wat baie mense "Die groot opdrag" noem, is Jesus self wat weer vir mense kom help om die kompas van 'n lewe voor God vas te vat.

Liefde vir God ...en liefde vir jou naaste.
As jou lewe deurmekaar voel, jou gesin deurmekaar voel, jou verhoudinge deurmekaar voel. As jy deurmekaar voel oor al die verskillende stryerye tussen gelowiges en kerke... is hierdie die punt om na te kyk en weer jou koers en rigting te kry.

Liefde.... vir God... in en met alles wat jy het... en ook vir die mense om jou. Sien mooi raak... die begin van koers kry is om jou oë van jouself en jou probleme af te haal, waar ons so maklik vasval, en eers weer vir God en die mense om jou raak te sien in liefde.

Wat is die liefde?

Maar wat is hierdie liefde? 'n Idee in jou kop? 'n Warm gevoel in jou hart?

Hoe het jy God lief met jou hele hart?
....met jou hele siel?
...met jou hele verstand?
...al jou krag?

Doen jy dit in die wêreld van jou gedagtes, gevoelens en idees? Het jy Hom lief bloot as jy die regte goeters oor hom dink?

En jou naaste? Hoe hê jy ander mense lief?

Sien... die begrip liefde kan gou 'n wollerige woord word. 'n Vae woord. 'n Woord so wyd dat dit naderhand amper enigiets kan beteken. 'n Algemene gawe gevoel en houding. Maar gelukkig is hierdie kompas se glasie nie dof en vaag nie.

God help ons in die Bybel om te verstaan wat Hý met liefde bedoel. In 1 Joh 4:10 word vir ons verduidelik dat regte liefde nie die warm

gevoel in ons harte is wat ons dink ons vir God het nie. Die ware Jakob is wat God vir ons in Jesus wys.

"*9Híerin is God se liefde vir ons geopenbaar: sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê. 10Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes."*

Liefde beteken dus opgee en weggee. Om vir God jou hart te gee, jou siel te gee en jou verstand te gee... om Koning daaroor te wees... alles omdat Hy Homself eerste vir jou gegee het. Dis hoekom Jesus ook vir hierdie Skrifgeleerde sê dat hy nie ver daarvan is om die Koningskap van God te beleef... as hy so begin praat nie.

En wat van liefde vir ander mense om my. Dit is weer duidelik uit net 'n paar verse vroeër in 1 Joh 3:16:

"*Hieraan ken ons die liefde: dat Hy vir ons sy lewe afgelê het. Ook ons behoort ons lewe vir ons broers af te lê*"

Hierdie definisie van liefde skree uit dat dit nie 'n idee of gevoel is nie. Maar dat dit sigbare praktiese liefde is omdat Hy in Jesus heel eerste sigbare praktiese liefde vir sondaars soos ek en jy gegee het.

"Buite-jouself-liefde-gee" is God se pad waarlangs Hy weer lewe kom gee in dooie situasies.
En dit is die pad wat Jesus ons leer om koers en lewe te kry in ons eie wêrelde.
Dis die kompas vir Trinitas en vir jou!

Ongelukkig is dit makliker om te praat as om te doen. Daarom gaan ons nou praat oor die doen...

Die praktyk begin by dissipelwees

As jy al vir 'n oomblik verstom was daaroor dat God vir jou kan lief wees met sy genade, dan is al wat daarby pas om alles in jou

vermoë (hart, siel en verstand!) te doen om die wollerigheid van wat liefde beteken ...af te breek. Liefde te laat deurbreek na God en die mense om ons in Vanderbijlpark.

Hoe lyk die pad waarop dit kan gebeur? Ek weet nie... maar Jesus sal jou wys en leer deur sy Heilige Gees...

Ons het verlede jaar baie gefokus op dissipelskap in ons samekomste. Ons het gesê 'n dissipel is:
'n Vakleerling/Appy wat by Jesus leer wat dit is om werklik weer op koers te lewe.
'n Dissipel luister na sy meester en oefen dit dan in sy lewe.

Koerskry is om na Jesus te luister en soos ons sy Gees volg die betekenis van sy woorde werklik leer uitlewe. Hy leer ons van liefde vir God en die mense om ons. Daarom kom ons op verskillende tye saam om te LUISTER (na sy Woord), terwyl ons saam met Hom LEWE as sy liggaam (kerk) wat oefen in Vanderbijlpark.

Die leerareas vir dissipels

Die hoof onderwerpe waaroor Jesus ons as sy dissipels leer en wil hê dat ons Hom daarin navolg is **verloswees**, **familiewees**, **diensknegwees** en **gestuurwees**. Hoekom juis hierdie dinge? Want ons kry dit in die Drie-Eenheid self in wie se beeld mense gemaak is. En... wanneer óns só lewe, maak ons soos Hy en sien ander mense Hóm eintlik in ons raak.

Dink mooi hieroor: God die Vader, Seun en Gees is **los** en slaaf van niks of niemand, het as **familie** die mens in hulle nood **gedien** deur die Verlosser te **stuur**. Sien jy dit raak?! Dissipels is mense wat verlos is om God daarin na te volg (na te aap) en ook 'n familie diensknegte te wees wat gestuur is.
Dis nie wollerig nie maar prakties. Dis die kompas.

Dít is dan wat Christene en daarom ook Trinitas is:

'n Verloste familie diensknegte wat gestuur is.

Daarom is ons missiestelling as gemeente:

Ons wil as **dissipels** van Jesus...

- Mekaar help om te groei in ons liefde tot God
    - ***Verloste*** *familie (om meer insig te kry in jou verlossing en daarom meer liefde vir God)*
- Christus se liefde binne die gemeente met mekaar deel
    - ***Familie*** *Diensknegte*
- En hierdie liefde buite die gemeente verkondig
    - ***Diensknegte*** *Gestuurdes*
- Terwyl ons God se openbaring in die skepping bewaar
    - ***Gestuurdes***

Trinitas se missiestelling is daarom nie net 'n ding van die kerkraad nie. Dis eintlik waarvoor alle mense in hulle kern gemaak is om te wees as dissipels in Vanderbijlpark. Dis die kompas van Jesus self... vir jou en vir my en vir 'n Vanderbijl wat elke dag koers verloor.

Daarom het ons hierdie een sin as 2015 se fokus. 'n Kompas-sin om ons te help onthou wie ons is, en daarom wat die belangrikste in ons lewens is.

Ons wil hierdie jaar elke kwartaal op een van hierdie fokus om veral te verstaan hoe dit praktiese liefde is.
Kw1 - Verlos
Kw2 - Familie
Kw3 - Dienskneg
Kw4 - Gestuur

Ons wil dit doen sodat jy nie koersloos rond ploeter nie maar op die regte manier oor jouself kan dink en wat dit is om Jesus in Vanderbijlpark te volg.

As jy ‘n Dissipel van Jesus is hoop ek dat hierdie visie dit vir jou weer eenvoudig en duidelik maak oor waar en hoe Jesus jou wil vorm en gebruik... en dat jy opgewonde hierdie pad saam sal aanpak saam met Jesus en sy Gees. Gebruik die geleenthede wat ons gaan skep, en kom help om hulle vir ander te skep!

As jy nie ‘n dissipel van Jesus is nie, of bietjie twyfelagtig terughang verstaan ek dit 100% maar ek nooi jou om ook saam te stap en te kyk of jou vrae oor die koers van die lewe en God nie langs hierdie pad antwoorde kry nie.

Verstaan baie mooi... hierdie is nie ‘n strategie nie. Dis vir ons elkeen ‘n pad om na ons binnekant te stap oor wie ons nou weer werklik voor die lewende God is, en die wonder van hierdie evangelie weer af te stof en te ontdek, en om dan daar uit te stap, agter Jesus aan, in Vanderbijlpark in met koers.

Slot

Die groot kompas in die deurmekaar van die lewe is liefde vir God en jou naaste.
Jesus kom wys ons prakties dat liefde meer is as ‘n idee of gevoel.
Dit is om as sy dissipels te gee soos Hy gegee het. Hoe is dit?
As ‘n verloste familie wat dien en gestuur is.

Dis die identiteit van mense voor God waaroor ons hierdie jaar gaan leer... en volgende week val ons weg met die eerste deel vir hierdie kwartaal: Verlos!

Amen

Griffel van Wyk
Trinitas
25 Januarie 2015